# LYDENSTYD

HUISGELOOF OORDENKINGS

## • ASWOENSDAG •

LYDENSTYD

HUISGELOOF OORDENKINGS

• ASWOENSDAG •

## AGTERGROND

Aswoensdag is tradisioneel die aanvang van Lydenstyd (Engels = Lent) in die kerkjaar. Dit word so genoem omdat gelowiges op hierdie dag as op hulle voorkoppe smeer - in die vorm van ‘n kruis. Lydenstyd strek vanaf Aswoensdag tot Stil Saterdag, die dag voor Opstandingsondag. Indien die Sondae in hierdie tyd uitgesluit word, is dit ’n tydperk van 40 dae. Hoekom word Sondae uitgesluit? Sondag is die dag van Jesus se opstanding. Dit is ‘n dag van vreugde, hoop en feesvier – nie ‘n dag van vas en rou nie. Die 40-dae tydperk voor Opstandingsondag is reeds in die jaar 313 n.C. as ‘n amptelike viering op die Christelike kalender aangedui.

In lydenstyd vas baie gelowiges deur iets uit te sny, hetsy ’n voedselsoort of ’n gunsteling aktiwiteit (soos TV kyk). Dit wat ons opgee herinner ons aan die 40 dae wat Jesus gevas het in die woestyn voor hy met Sy bediening begin het. As jy dan besluit om iets op te gee (bv. koffie, suiker, brood ens.) gaan daar tye kom wat jy weer daarvoor lus gaan kry. In daardie tye dink ons aan Jesus se baie groter opoffering vir ons. Ander Christene doen doelbewus iets soos om sekere geloofsgewoontes te beoefen deur ‘n vaste tyd opsy te sit vir Bybelstudie en gebed of betrokke te raak by ‘n projek van die gemeente of gemeenskap.

Die gebruik met Aswoensdag is dat die palmtakke van die vorige jaar se Palmsondag verbrand word, met olyfolie gemeng word en dan in die vorm van ‘n kruis op die voorkop van lidmate getrek word met die woorde “Stof is jy, en jy sal weer stof word.” (Genesis 3:19). As is egter nie net ‘n teken van ons verganklikheid nie, maar ook van boetedoening (vgl. die gebruik in die Ou Testament om as op die kop te strooi as teken van berou). Daarom word daar op Aswoensdag ook 'n geleentheid skep vir boetedoening en verootmoediging met die oog op die lydenstyd wat voorlê. Soms het mense hul sondes op papiertjies geskryf en dit saam met die palmtakke verbrand.

Lydenstyd is ‘n tyd van selfondersoek, skuldbelydenis, vas, gebed en diens aan ander. Dit is ‘n tyd om nóg meer as gewoonlik die Bybel te lees en te oordink. Deur dit alles berei ons voor vir Paasfees, wat die hoogtepunt van die kerklike jaar is. Mag dit vir julle ook ‘n besonder geseënde tyd wees!



# ASWOENSDAG AKTIWITEIT

*Wat het jy nodig? Labirint bladsy, as en olyfolie of swart verf en die skrifgedeeltes en refrein hier onder.*

Vir hierdie aktiwiteit gebruik ons 'n labirint wat op die volgende bladsy is. Christene maak ook gebruik van van 'n labirint vir geestelike sentrering, kontemplasie en gebed. Deur die slangagtige pad van 'n labirint in te gaan, loop die wandelaar stadig terwyl hy hul verstand stilmaak en op 'n geestelike vraag of gebed konsentreer. Die Christene het in die antieke tye labirinte gebou en gestap as ’n simboliese geestelike reis na Jerusalem.

’n Labirint is nie ’n doolhof nie. 'n Doolhof  bevat afdraaipaadjies en doodloopstrate. Deelnemers sukkel en verdwaal gewoonlik. ’n Labirint is anders. Deelnemers beweeg volgens ’n voorafbepaalde “roete” van een punt na die ander. Daar is ’n begin en eindpunt.Op hierdie manier simboliseer die labirint 'n reis na 'n voorafbepaalde bestemming (soos 'n pelgrimstog na 'n heilige plek), of die reis deur die lewe vanaf geboorte tot geestelike ontwaking tot die dood.

Die labirint gee vir ons spasie en tyd om te reflekteer terwyl ons die pad stap.

## HOE WERK DIT?

Gaan sit om 'n tafel of ander plat oppervlak in julle huis. Plaas die labirint in die middel van die tafel of oppervlak. Hou as en olyfolie of swart verf naby vir gebruik.

Kies een of meer lesers om die skrifgedeeltes in Matteus 6:1-6 en 16-21 te lees. Elke persoon in die groep kan hul vinger gebruik om deur die labrint "te reis". Indien julle groep meer as 4 persone het, kan twee-twee saam deur die labirint reis. Plaas jou vinger by die begin van die labirint en wanneer die persoon begin lees, kan jy stadig jou vinger deur trek.

Wanneer elke deelnemer die middel van die labirint bereik het, kan hy of sy hul duim in die as of verf druk en die teken van 'n kruis in die middel bam die labirint maak. Sê dan almal saam: "Onthou, jy is van stof gemaak en eendag sal jy ook maar weer net stof word.".

Vat 'n breuk tussen die refrein en die volgende skrifgedeelte totdat julle almal julle "reise" voltooi het.

Wanneer julle almal klaar is, kan julle afsluit met gebed.

# SKRIFGEDEELTES EN LABIRINT REFREIN: MATTEUS 6:1-6, 16-21

Alle aanhalings uit die Bybel kom uit Die Boodskap.

## OOR AALMOESE

Leser: "Wanneer julle besluit om goeie dinge vir ander mense te doen, moet julle eers seker maak hoekom julle dit doen. Moenie 'n openbare skouspel daarvan maak sodat ander julle kan raaksien nie. As julle op soek is na die applous van ander mense, skuld God julle niks meer nie. Dan het julle klaar julle beloning gekry. "Moenie 'n ophef daarvan maak as jy 'n arm persoon help nie. Net skynheilige mense doen dit. Hulle maak 'n groot bohaai wanneer hulle die armes help sodat almal dit kan raaksien en mooi dinge oor hulle kan sê. Onthou: God skuld hulle nou niks meer nie. "Wanneer jy mense help, mag niemand daarvan weet nie. Jy moet dit stil-stil doen. Jou linkerhand moet nie eens weet wat jou regterhand doen nie. Onthou: jou hemelse Vader sien wat jy vir ander doen. Hy sal wel sorg dat jy jou hemelse beloning kry."

## REFREIN

Almal: Onthou, jy is van stof gemaak en eendag sal jy ook maar weer net stof word.

## OOR GEBED

Leser: "As jy bid, moet jy nie soos die skynheiliges maak nie. Hulle bid graag voor ander mense tydens godsdienstige byeenkomste sodat hulle moet hoor hoe mooi hulle bid. God skuld sulke mense niks meer nie. Hulle het mos klaar hulle prys hier op aarde gekry."As jy bid, gaan dan na 'n stil plek toe waar niemand jou kan sien nie. Trek die deur agter jou toe en praat daar eenkant opreg met jou hemelse Vader. Hy sal sorg dat jy jou hemelse beloning kry.

## REFREIN

Almal: Onthou, jy is van stof gemaak en eendag sal jy ook maar weer net stof word.

## OOR VAS

Leser: "Wanneer julle julle so ernstig aan God toewy dat julle nie eens wil kos eet nie, moet julle nie soos die skynheiliges maak nie. In sulke tye loop hulle met 'n lang gesig rond sodat almal kan sien hulle vas. Ek sê weer: sulke mense het klaar hulle beloning weg. Moenie 'n spektakel van julle godsdiens maak nie. Gaan normaalweg aan met julle lewe wanneer julle vas: kam julle hare, was julle gesigte. Lyk netjies sodat niemand agterkom dat julle besig is om ernstig te bid nie. Slegs julle hemelse Vader hoef dit te weet. Hy sal wel sorg dat julle julle hemelse beloning kry."

## REFREIN

Almal: Onthou, jy is van stof gemaak en eendag sal jy ook maar weer net stof word.

## OOR GEBED

Leser: "Hou op om van die oggend tot die aand agter geld aan te hardloop. Niks hou hier vir altyd nie. Diewe breek oral in en steel, motte en goggas vreet alles op en ouderdom laat dinge vergaan. Maak eerder vir julle 'n bankrekening daar by God in die hemel oop. Geen dief kan ooit daar inbreek om iets te probeer steel nie. "Die dinge waarmee jy jou van vroeg tot laat besig hou, sê wat die belangrikste in jou lewe is. Jou lewe wys waar jy jou 'rekening' oopgemaak het.

## REFREIN

Almal: Onthou, jy is van stof gemaak en eendag sal jy ook maar weer net stof word.

## GEBED

Here van ons hele lewe,
Soos ons deur lydenstyd reis vra ons
dat U ons leer hoe om te gee,
sodat ons dit met vreugde kan doen
Leer ons hoe om te bid,
sodat ons nader aan U kan wees in elke oomblik van die dag.
Leer ons hoe om te laat gaan,
sodat niks in die pad staan van ons konneksie met U nie.
Leer ons om onsself te verloën, ons kruis op te neem en U te volg,
terwyl ons die hoopvolle reis voortsit, en terwyl ons uitsien na die fees van die opstanding.
Help ons om te onthou dat ons is alle opsigte aan U behoort
**Amen.**

# 'n Reis deur die LABIRINT